ONS GLO

LAERSKOOL RANDHART

Samuelstraat, Randhart, Alberton
✉ 11034, Randhart, 1457
☎ (011) 864-5110/1
🖷(011) 864-1361
e-pos: laerrant@global.co.za
Webblad: www.randhartlaer.co.za

25 Mei 2023

NUUSBRIEF 4 van 2023

Geagte Ouers/Voogde

1. *Vanuit die hoof se kantoor*
2. *Vanuit die klaskamer*
3. *Vanuit die sportkantoor*
4. *Vanaf die kultuurverhoog*
5. *Ondersteunersklub nuus*
6. *Algemene sake*
7. *Belangrike datums*
8. *Ten slotte*

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die winter is vinnig besig om sy kop uit te steek en die vroeë oggendkoue kan beslis aan die lyf gevoel word. Hier op die Rantieswerf klop ons harte egter warm en pak ons elke dag met entoesiasme en dankbaarheid aan.

U het heelwaarskynlik ‘n nuwe “gesiggie” in ons ontvangskantoor gesien en dalk alreeds ’n woord of twee met haar gewissel. Me. Anzel Swanepoel het die take van me. Dorothy Keevy oorgeneem en dus is me. Marthie Botha nou een van ons vriendelike “kantoortannies”. Ons wil haar welkom heet en glo dat sy nog vir baie jare hier op die Rantieswerf gaan aanbly.

Baie dankie aan elkeen van u wat aan ons meningspeiling deelgeneem het wat ons verseker het dat u enige nuusbrief (in watter vorm ook al) waardeer en lees om ingelig te bly. Ek nooi u nou uit om met ’n heerlike warmdrankie terug te sit en u te vergewis van alles wat hier op die Rantieswerf gebeur.

Me. Marlene Gerber

VANUIT DIE KLASKAMER

Baie geluk aan al ons toppresteerders van die eerste kwartaal. Julle het hard gewerk en die vrugte gepluk Hou so aan!

Baie dankie aan elke belangstellende ouer wat die personeel gedurende die oueraand aan die begin van hierdie kwartaal kom spreek het. Dit is vir ons belangrik dat die skool in vennootskap saam met u as ouers werk om agterstande en uitdagings daadwerklik aan te spreek en uit te skakel.

Die toetse en formele assesseringsaktiwiteite vir die tweede kwartaal is goed op dreef. Dis egter kommerwekkend dat talle leerders sonder 'n geldige rede of doktersbrief op geskeduleerde toetsdatums afwesig is. Lees gerus weer die brief met betrekking tot die tweede kwartaal se toetsdatums wat aan die einde van verlede kwartaal aan ouers gestuur is – slegs leerders met 'n geldige verskoning of doktersbrief sal met toestemming vanaf die adjunkhoof akademie (dis nou ek) 'n tweede geleentheid gegun word om die toets na skool te skryf. U samewerking in dié verband sal opreg waardeer word.

Ten slotte: Tyd wag vir niemand nie. Soms voel dit of 24 uur net nie genoeg is om alles in te pas wat gedoen moet word nie.

Maak egter tyd om soms, ten spyte van die dolle gejaag, net u skoene uit te skop, stil te gaan sit en weer mens te word.

Me. Ilse Kichenbrand

VANUIT DIE SPORTKANTOOR

Dit is vir my 'n voorreg om aan u terugvoer te gee ten opsigte van al die sportaktiwiteite wat tans by die skool plaasvind.

Atletiek

Soos in ons vorige nuusbrief aan u meegedeel was, het daar 7 van ons atlete by die SA-kampioenskappe gaan deelneem. Ek deel graag met u hulle prestasies.

Taylin de Jong	800m – 10de en spiesgooi – 1ste
Kiara Kers	gewigstoot – 1ste
Eldoryn Jacobs	hoogspring – 10de
Tayla Vorster	200m hekkies – 6de
Sune Louise Prinsloo	1 500m – 4de
Kayla Hopley	verspring – 3de
Luc v Wyk	75m hekkies – 3de

Baie geluk met die puik uitslae.

Netbal

Die seisoen is nog aan die gang. Ons beleef baie goeie uitslae in die huidige liga teen skole soos Orion, Impala en Kruinsig. Die dogters en afrigters wys hul staal en die passie wat die afrigters vir netbal het, is iets wat opmerklik uitstaan. Hierdie toegewydheid kan beslis as 'n belangrike bestanddeel vir Randhart se netbalsukses uitgelig kan word!

Ons dogters het ook uitstekend gevaar in die proewe en die volgende dogters is gekies vir die Gautengspanne –
o.13: Taylin de Jong, Mieke Kachelhoffer, Suané Pretorius en Kayla du Toit
o.12: Mische Nel

Baie geluk aan hierdie dogters.

'n Eerste in Randhart se bestaan was die deelname van die o.13A-netbalspan by die Wildeklawer toernooi wat in Kimberley plaasgevind het. Baie geluk aan hierdie speelsters wat in die tweede plek geëindig het tydens hierdie toernooi. Ons glo dat hierdie prestasie julle beslis op die voorpunt plaas vir 'n uitnodiging in 2024.

Baie geluk ook aan me Mentz wat genooi was om as skeidsregter op te tree vir die hoërskole se Wildeklawer-toernooi. 'n Besondere prestasie waarop Randhart trots kan wees.

Rugby
Ons rugbyseisoen is ook nog in volle gang. Verskeie spanne is steeds in die wedloop vir moontlike uitspele vir Leeus-glorie. Uitslae en finale stand sal in die volgende nuusbrief aan u gekommunikeer word. Daar is ook 'n paar Goue Leeus-spelers wat hier op die Rantieswerf rondloop, naamlik -

o.13: Ryan Ax en Tatum Kers
o.12: Ivan Mulder, Ruben Swanepoel en Johan Uitenbogardt

Baie geluk aan hierdie seuns!

So saam-saam met die netbal het die eer ook ons eerste rugbyspan te beurt geval om aan die Wildeklawer-rugbytoernooi deel te neem. Tydens hierdie toernooi het ons seuns twee uit die drie van hulle wedstryde gewen en was hulle ook geplaas om die voorhoofwedstryd te speel. Hulle het ons beslis trots gemaak. Baie geluk, seuns!

Krieket
Die eerste dogterskrieketspan by die Ranties is 'n baie sterk moontlikheid met die Super 12-direksie wat aangedui het dat daar 'n moontlike toernooi sal plaasvind vir die dogters. Daar is reeds talle belangstelling en ons sien uit om hierdie geleentheid vir ons dogters te skep! Ons sal u op hoogte hou van die verwikkelinge.

Tennis
Die tennisspanne het deelgeneem aan die Tygerpoort Interskole Toernooi vroeg in Mei en baie goeie resultate behaal. Baie dankie en geluk aan elke seun en dogter wat deelgeneem het. Die tennisliga is sterk op pad en voorbereiding is reeds goed op dreef.

Ruiters
Die Ruiters het op 5 en 6 Mei deelgeneem aan die SANESA 3rd Qualifier. Ons Ruiters het uitgeblink en fantastiese resultate behaal. Baie geluk aan elke ruiter met hierdie uitslae en sterkte met die seisoen verder. Ons hou julle dop en is baie trots!

Gimnastiek

Die Ranties het baie goeie uitslae behaal tydens die onlangse Ekurhuleni-byeenkoms. Daar is in onderskeie afdelings deelgeneem en ons Rantie-gimnaste het met voorbeeld gelei. Baie dankie aan elke deelnemer en ondersteuner. Ons is voorwaar trots op julle!

Rugby 7's

Proewe is gehou vir ons nuwe kode – Rugby 7's. Daar was baie belangstelling vir die proewe en die Ranties gaan vir 2023 se 4de kwartaalseisoen niks minder as 3 spanne inskryf nie. Ons hou hierdie spasie met opwinding dop!

Swem

Swem is die woord op almal se lippe. Daar is reeds gesprekke en onderhandelings aan die gang om moontlik swem as sportkode by die skool se lys van sportaktiwiteite te voeg. Ons sal u op hoogte hou soos wat dinge vorder.

Gholf

Die proewe vir ons 2023 spanne het offisieel afgeskop. Ons beoog om in die seisoen meer spanne in die veld te stoot asook 'n moontlike dogterspan. Ons hou die gholfverwikkelinge met opwinding dop en sien uit na goeie kompetisie en uitslae!

Baie dankie aan elke entoesiastiese ouer wat met soveel passie sy/haar kind ondersteun. Dit gebeur soms dat van ons ouers se passie oorloop na die skeidsregter op die veld, wat dan in 'n woordewisseling kan uitloop. Ons versoek asseblief elke ouer om seker te maak dat u die Rantie-waardes ook langs die sportveld sal uitleef en die regte voorbeeld vir u kinders sal stel.

Mnr. F. Kotzé

VANAF DIE KULTUURVERHOOG

"Sukses is die somtotaal van al jou klein pogings bymekaar getel." Die Ranties is hard agter die skerms besig en die uitslae getuig daarvan. Ons lewer graag verslag van 'n paar suksesse wat die Ranties bereik het.

Redenaars

Super 12

Hiermee volg die sprekers wat Laerskool Randhart op 10 en 11 Maart te Laerskool Elarduspark verteenwoordig het.

Graad 2 en 3	Graad 4 en 5	Graad 6 en 7	Spanredenaars
Marnelle Moroney Ruwan de Bruin	Ruanke Kasselman Milan Potgieter	Ava Allen Suené Pretorius	Taylin de Jong Suné-Louise Prinsloo Ané Potgieter Suené Pretorius

Milan Potgieter, Suené Pretorius en Ava Allen het na die finaal deurgedring.
Laerskool Randhart het algeheel 'n uitstekende vierde plek behaal. Die spanredenaars het met 'n silwermedalje weggestap.

ATKV-Redenaars

Individuele deelname

Op 21 en 22 April het 36 van ons redenaars aan die eerste uitdunrondes van die ATKV-redenaarskompetisie te Laerskool Concordia deelgeneem. Die standaard was hoog en die kompetisie sterk. Vyf van ons sprekers het na die semifinaal deurgedring waar drie van ons sprekers ons naam op 13 Mei te Laerskool Concordia hoog gehou het. Die ATKV-landsfinaal sal op 17 Augustus te Goudini Spa plaasvind.

Spanredenaars

Die spanne is reeds hard aan die werk. Die video-opnames sal op die volgende datums plaasvind:
12 Junie: Graad 2 en 3
13 Junie: Graad 4 en 5
14 Junie: Graad 6 en 7

Graad 1-redenaars

Ons sien baie uit na ons bekkige graad 1-maats wat vanjaar hul sê gaan sê. Hulle is reeds hard aan die leer om op 11 September hul toesprake te lewer. Afskrifte van toesprake moet teen 29 Mei aan me. Schultz gestuur word. Finale toesprake moet teen 1 September ingehandig word.

Alberton Eisteddfod

Altesaam 373 individuele items is ingeskryf asook 4 samesprake, 13 spanredenaarspanne, 2 kore en 3 spreekkore. Strokies met die datum en tyd van optredes word vroeg in Junie terugverwag.

Con Spirito

Graag herinner ons u daaraan om u kind se spoguitslae na me. Karen van der Schyf te neem waar sy rekord sal hou van die jaar se uitslae. Conspirito-deelname sal in aanmerking geneem word vir AVP-punte, maar ’n leerder sal slegs een keer punte kan verwerf vir kunswedstryddeelname m.a.w. óf Conspirito óf Alberton Eisteddfod.

Bybelvasvra

Elysia Engelbrecht, Dané Human, Elné Coetzee en Amori van Vuuren werk dat die spoeg spat ter voorbereiding vir die komende kompetisies.

Koor

Die kore bekoor en is tans druk besig om voor te berei vir die Super 12-koorfees wat op 26 Mei by Doxa Deo in Pretoria plaasvind. Ter voorbereiding van hierdie spoggeleentheid, het die Randrefrein sowel as die Kiewiete op 23 Mei om 18:30 in die skoolsaal voor vriende en familie opgetree. Ons wil graag beide kore sowel as die onderwysers en dirigent, Christa Feistel, sterkte toewens met die Super 12-koorfees. Die Kiewietkoor tree hierdie Sondagaand 21 Mei om 18:00 by NG Kerk Brackendal gedurende hul Pinksterweek op. Ons wens hul ook sterkte toe met hul optrede. Laat die musiek van jou hart elke dag sing!

Skaak

Op 13 Mei het die Super 12-skaakkompetisie by Sol-Tech in Pretoria plaasgevind. Ons is baie trots op ons junior- en seniorspan. Daar was altesaam 22 junior- en 22 seniorspanne wat deelgeneem het. Ons juniorspan het ’n elfde plek behaal, ons seniorspan ’n twaalfde plek en Johan Hattingh was ’n bordwenner. Die spelers het hulle goed van hulle taak gekwyt.

Kunsfees

Die Kunsfeesinskrywings sluit op 2 Junie wanneer die kunswerke saam met die R40 by die betrokke personeellede ingehandig moet word.

Skryfklub

Ons het die tweede kwartaal afgeskop met ’n besoek vanaf die bekende skrywer en spraakterapeut Christien Neser. Sy het met ’n eenvoudige les en met behulp van ’n suigstokkie, wat al hulle sintuie wakker gemaak het, hulle skryfstyl geprikkel en aangewakker. Die skrywers gaan in kompetisies deelneem en ons kan nie wag om te sien waarmee hulle vorendag kom nie.

E-Sport: Rantie-bouers

Ons Rantie-bouers was die jaar besig en het asemrowende bouprojekte opgelewer! Hulle het binne die tydperk van ’n maand vir ons gewys waartoe hulle in staat is.
Die volgende leerders het die podium betree:

Eerste: Keagan Heynike
Tweede: Alexis Fiandeira
Derde: Etienne Frits

Baie geluk aan al die leerders wat deelgeneem het!

Pom-poms

Die pom-poms van 2023 het op 9 Mei die rugbytoeskouers by Laerskool Randhart vermaak met hulle eerste optrede. Dit was beslis ’n betowerende belewenis om te aanskou. Ons wens hierdie span van 19 dogters sterkte toe met die voorbereiding vir die groot kompetisie wat in Oktober plaasvind.

Geluk aan hierdie dogters wat die span gemaak het.

Jayme Martin (K)	Vené Oosthuizen (K)	Mieke Kachelhoffer
Leora Höll	Lola-Hope Bornman	Jamie-Lee Visser
Gisele van Vreden	Ané Potgieter	Miné Hoffmann
Mikayla Kriek	Zea Teubes	Hayley van Rooyen
Abby Stols	Tamsyn Pretorius	Ava Viljoen
Kara van Helden	Mardi Barkhuizen	Jenna-Leigh Bellinghan
Giselle van Vreden		

Rantiesnuus

Nuus! Nuus!! Nuus!!!
Dit is ’n propvol, aksiebelaaide tweede kwartaal en die joernaliste staan omtrent bont om nuus in te samel. Hoofnuus is die Pa-en-dogter-afspraakaande wat groot opspraak gemaak het. Gaan lees gerus die volledige artikel by: https://rantiesnuus.co.za/pa-en-dogter-date-night-2023/ . Vir meer artikels gaan besoek gerus ons koerant by https://rantiesnuus.co.za/ en gaan lees waarmee die Ranties alles besig is!

Voortrekkers

Natuurlik het ons die skoolvakansie weer lekker gaan kamp en baie nuwe dinge geleer. Party kinders het by die Vaaldam geleer hoe om paraat op te tree en waterveilig en fiks geword. Ander kinders was op ’n veldkamp in Dinokeng waar hulle geleer het oor plante en spore in die veld. Ons speel ook saam

met die leer en daarom was daar ook skeerroomgevegte, modderspeel, op bande agter motorbote ry en allerhande ander lekker aktiwiteite.

In Mei het party aan ’n kentekennaweek deelgeneem waar spoorgesny is in die veld asook die maan en sterre deur teleskope bekyk is.

Ons is besig met verkeie fondsinsamelingsgeleenthede om elkeen die geleentheid te gee om aan Voortrekkeraktiwiteite deel te neem.

Tydens ons jaarlikse sopkook op 13 Mei het ons hande gevat met NG Kerk Alberton-Suid om behoeftiges in Alberton te voorsien van heerlike sop gedurende hierdie koue tyd van die jaar.

Me. Maryke Kitching

ONDERSTEUNERSKLUB NUUS

Nog 'n bedrywige kwartaal by Laerskool Randhart en ons leerders en personeel is volstoom besig met onderrig, sport en kultuur. Ons kan die koue in die lug voel en dit raak nou al baie moeiliker om elke oggend op te staan nou dat ons kan voel die winter is op pad. Die Ranties Ondersteunersklub wil ons leerders wat besig is met formele toetse, baie sterkte toewens! Aan ons onderwysers, lekker merk! Aan ons ouers, dankie vir julle ondersteuning gedurende hierdie kwartaal.

Manne-aand 2023 – Ricus Nel

Die jaarlikse Manne-aand het 15 Maart by Alberante ARC-sentrum plaasgevind. Die gaste was vermaak deur Ricus Nel en sy orkes en La Oma het die spyseniering behartig. Die manne was bederf met smaaklike lam op die spit en bykosse soos skilpadjies, worsies, aartappels en uitjies het die spyskaart voltooi. Daar was gelag, gedans en gekuier tot in die vroeë oggendure. Die Ranties Ondersteunersklub wil graag die Manne-aandkomitee bedank vir hulle harde werk om hierdie aand weer 'n reuse sukses te maak. 'n Spesiale woord van dank aan beide Corli Carratu en Michelle Dirker wat hul goed van hul taak gekwyt het. Ons hoop om al ons mans weer by ons volgende Manne-aand te sien.

Grootskerm-advertensie

By Laerskool Randhart Ondersteunersklub sien ons nie bemarking as bloot nét ’n manier om produkte of dienste te adverteer nie. Hier besef ons dat die Ondersteunersklub se bemarking ’n positiewe rol in die lewens van die mense wat ons dien en die gemeenskappe rondom ons speel. Bemarking se hoofsaaklike doel is om mense se emosies te ontlok, doelgerigte verhoudings te bou en vir ons gemeenskap, ouers en leerders iets verrykend en waardevol in alle bemarkingspogings te bied. Daarom wil ons die maatskappye bedank vir die ondersteuning deur advertensies op die Rantie-grootskerm te plaas.

Die advertensies was by drie geleenthede geadverteer nl. die Rakkers se Pretdag van 4 Maart, Laerskool Garsfontein se Sportdag van 11 Maart en ook by Laerskool Randhart se o. 8 Rugby- en Netbal Vrydagfees van 21 April. Neem ook asseblief kennis dat die advertensie ook digitaal op Ranties Live via You Tube by beide van dié sportgeleenthede uitgesaai was.

Ons het tans weer 'n spesiale aanbod waar maatskappye op die grootskerm kan adverteer teen R1 250,00. Kontak gerus vir Michelle Dirker by 072 627 1334 vir meer inligting.

Welpiedag – 13 Mei 2023

Laerskool Randhart het Saterdag 13 Mei gasheer gespeel vir die Welpie-rugby en Nooientjie-netbaldag. Die Ondersteunersklub het hand bygesit om hierdie dag vlot te laat verloop. Daar was hulp aangebied by die toegang, kosstalletjies en ander lekkernye was gereël. Daar was in totaal 7 skole wat deelgeneem het met 43 rugbyspanne en 49 netbalspanne. Baie dankie aan elke ouer en onderwyser wat op die dag hard gewerk het. Almal se hulp en bystand word opreg waardeer.

Gholfdag – 31 Augustus 2023

Dit is binnekort weer tyd vir Laerskool Randhart se jaarlikse Gholfdag. Soos oudergewoonte hou ons dit weer by Reading Buiteklub op Donderdag 31 Augustus. Hou asseblief die WhatsApp-groepe en sosiale media in hierdie verband dop. Ons sal binnekort registrasie oopmaak. As daar wel ouers of maatskappye is wat pryse wil borg of donasies wil skenk vir die dag, skakel vir Michelle Dirker by 072 627 1334 of stuur gerus ’n e-pos aan info@lrok.co.za.

Tentedorp – 8 tot 10 September 2023

Tentedorp 2023 word hierdie jaar by Mbizi Game Lodge en Spa, ongeveer 8km buite Warmbad (Bela-Bela) op die R516 Thabazimbipad aan die voet van die Waterberge, Limpopo aangebied. Kom geniet ’n naweekwegbreek van werk en stres in die bosveld en spandeer tyd saam met jou familie en die Ranties Ondersteunersklub. Besprekings vir Tentedorp 2023 is tans oop! Die kostes is as volg:

- Kampeerstaanplek met gedeelde ablusiefasiliteite: R1 347,70
- Kampeerstaanplek met private ablusiefasiliteit: R1 690,40
- 2 slaapkamer chalet met 2 enkelbeddens: R2 083,70 (daar is nog net 2 beskikbaar)

*Die prys sluit 2 aande se verblyf, Mbizi se adminfooi en die Ranties Ondersteunersklub se aktiwiteitsfooi in.

Vroue-aand – 14 Oktober 2023

Ons is opgewonde op aan te kondig dat die Vroue-aand hierdie jaar op Saterdag 14 Oktober gaan plaasvind. Die gaskunstenaar wat die dames hierdie jaar kom vermaak is Brendan Peyper. Besprekings is tans oop en u kan gerus vir Michelle Dirker by 072 627 1334 kontak. Kom geniet die aand saam met ons in 'denims en diamonds'.

Ranties Ondersteunersklubhemp

Daar is 'n Google-vorm op die klasgroepe via WhatsApp uitgestuur waar die Ondersteunersklub die ouers se insette wil kry met betrekking tot die ontwerp van die nuwe Ondersteunersklubhemp. Ons sal dit baie waardeer indien elke ouer vir ons sal aandui watter hemp hulle verkies. Sien ook onderstaande skakel vir u gemak om u keuse aan te dui, indien u nie die WhatsApp ontvang het nie.

https://forms.gle/HepVZqqJev55X2LX7

Mnr. Patrick Moroney

ALGEMENE SAKE

Graag bring ek die volgende sake onder u aandag.

Veiligheid van motors rondom die skool tydens byeenkomste

Ongelukkig is ons skool die laaste tyd die teiken van motordiefstal gedurende byeenkomste. Ons is reeds besig om ekstra maatreëls in plek te stel met die bekamping hiervan. Die metropolisie asook veiligheidsmaatskappye is reeds genader vir raad en hulp. Die moontlikheid van gemoniteerde kringtelevisie tydens byeenkomste word ondersoek. U mag ook soms persone in siviele drag met ’n “beffie” in die omtrek gewaar. Hierdie persone maak staat op ’n vrywillige diensfooitjie. Waar moontlik versoek ons dat u laasgenoemde sal ondersteun. Ons versoek ook ouers om nie duursame artikels in die motor agter te laat nie. Dit wil ook voorkom of veral Toyota-motors geteiken word en doen ons ’n beroep dat u maar kort-kort ’n draai sal stap om seker te maak u motor is veilig.

Koeldrank

Daar is onlangs ’n groot ophef gemaak oor die nuwe energiedrankie “**Prime**”. Beriggewing dui óf aan dat die drankie skadeloos vir kinders is óf dat kinders dit glad nie moet gebruik nie.
Die skoolbestuur het besluit dat ons nie die gebruik hiervan deur ons leerders op die terrein gaan toelaat nie. Inteendeel, geen energiedrankies word aanbeveel nie en ons vra dat u as ouers ons hierin sal ondersteun. Dankie vir u begrip.

Afwesighede

Ons kry toenemend klagtes oor leerders se afwesighede. Ons het begrip vir leerders wat regtig siek is en nie in staat is om skool by te woon nie. Ongelukkig is daar ’n tendens dat dieselfde leerders gereeld afwesig is. Hierdie afwesighede plaas onnodig druk op leerders om by te bly met die akademiese program. Ons versoek dat ouers ons sal bystaan hiermee.

Wintersdrag

Ons rig `n versoek dat alle leerders nou wintersdrag moet dra. Die huiswerkboek (bl. 19) gee duidelike riglyne. Daar is ook kwaliteit tweedehandse klere beskikbaar in die skool se klerebank. Indien u as ouer ook asseblief sal toesien dat u kind se voorkoms, insluitend hare, naels, skoon skoolskoene, regte kleredrag, ens. van Rantie-waardes sal getuig.

Facebook-blad

Indien u nog nie ons Facebook-blad besoek het nie, word u aangeraai om dit gerus te doen. Ons nuut-aangestelde IT-personeellid, mnr. Jaco Nortjé, gee ons blad ’n nuwe baadjie en doen uitstekende werk om u op hoogte te hou van alle gebeure hier by die skool.

Graad 1 GDO-aanlynregistrasies

Neem kennis dat die graad 1 GDO-aanlynregistrasies vanaf 15 Junie 2023 om 08:00 sal oopmaak. Die registrasies sal op 14 Julie 2023 om middernag sluit. Die aanlynregistrasies moet op die volgende wefwerf voltooi word: gdeadmissions.gov.za. Deel asseblief ook die nuus met voornemende graad 1-

ouers dat hulle op ons Facebook-blad alle belangrike inligting m.b.t. die proses kan gaan lees.

Mnr. Francois Venter

BELANGRIKE DATUMS

Alle belangrike datums is op ons webwerf en D6 Connect-toepassing beskikbaar.

Die skool maak nou gebruik van ’n **nuwe finansiële stelsel** en wil ons graag die volgende belangrike sake onder u aandag bring, sodat die implementering hiervan glad kan verloop.

- Gebruik asseblief die **nuwe viersyfer familiekode** soos wat dit aan die linkerkant, net bo u woonadres verskyn, as verwysing.
- Indien daar ’n minusteken (-) langs ’n bedrag in die balanskolom verskyn, beteken dit dat u in krediet is.
- Dit is baie belangrik dat u die D6-applikasie sal aflaai en registreer. Sodoende het u onmiddellike toegang tot u nuutste rekening.
- Indien u tot op hede geen rekening ontvang het nie, moet u sonder verwyl die finansiële kantoor kontak, sodat ons u opgedateerde inligting kan kry om state aan u te stuur.
- U moes, tot en met nou, reeds 5 betalings (Jan. / Feb. / Mrt. / Apr. / Mei) gedoen het.

Baie dankie aan elke ouer wat hul maandelikse skoolfondsverpligting so getrou nakom. Indien u enige uitdagings ervaar, moet asseblief nie huiwer om me. Anzel Swanepoel by anzel@randhartlaer.co.za te kontak nie.

Baie dankie vir u ondersteuning gedurende hierdie baie besige kwartaal. Ouerdeelname en betrokkenheid is die kern van ’n skool se sukses. U positiewe deelname en entoesiastiese ondersteuning word opreg waardeer.

Vriendelike groete

M. Gerber

ME. MARLENE GERBER
SKOOLHOOF